
**455** **U goedheid Heer kan ons nie peil nie**




U is die Heer wat  ons gemaak het,
voor U kom ons – u skepsels – staan.
U is die Heer wat reeds gewaak het,
deur wie ons gans en al bestaan.
U bring in ons gemoed die vrede,
U sterk ons gees met nuwe krag;
U gee u lig ook oor ons rede -
dis U van wie ons heil verwag.

o Mens, bedink die ewig lewe,
jou onverdiende erfenis,
waar jy van heerlikheid omgewe,
met God en al sy kinders is.
Aan Hom ons dank vir die verwagting,
dit het sy Seun soveel gekos
aan bitter lyding, hoon, veragting,
om ons van sonde te verlos.

Sou ek, o Heer, U nie vereer nie,
sou ek u goedheid nie verstaan?
Sou U my raad gee, ek nie leer nie,
die weg wat U my wys nie gaan?
Nee, Heer, U rig my wil en strewe;
u Woord bly my gedurig by.
Vul met u liefde ook my lewe
om my in alles U te wy.

Uit diepe dank tot Gods behae,
moet ek volkome wees soos Hy;
is dit my doelwit al my dae,
verskyn sy beeld al meer in my.
Hy sal my sterk deur sy genade,
dat ek in sy gebooie bly;
al doen ek dikwels nog die kwade,
tog heers die sonde nie in my.

Gee dat u sorg en troue hoede,
o Heer, my steeds voor oë bly.
Dit sal my altyd sterk ten goede,
dat ek my lewe U kan wy.
U lei my voort in donker nagte,
U stut my in die swaarste nood,
U sterk my teen die hel se magte,
U dra my deur die uur van dood.

Christian Fürchtegott Gellert (17115-69) Straatsburg (1565) / Geneve (1551)